Oktober /October 2007

# RING

AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS' NEWSLETTER / AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF

## AGRA SELLS MORE WEANERS DESPITE DECREASE IN PRICES

During the past two months Agra conducted 17 weaner auctions with a total turnover of N$31 944 005, which is lower than the turnover achieved for the 2006 weaner auctions. Prices achieved in 2006 were much more favourable than the 2007 prices. Although the total turnover is less than in 2006, it is still a good achievement to have sold 12 834 weaners, which in return are 1 165 weaners more than the previous year. This reinforces the prominent role played by Agra in the industry, who is by far the largest livestock auctioneer in Namibia. The annual weaner auctions start during the last part of July and end during the first week of September.

According to Kiep Lepen, Manager Stud Services of Agra, weaners sold were generally of good quality. It was notable that a fairly large number of calves weighed in at 200 kg or less, which however, did not compromise quality. Participation at the annual weaner producers competition was good and this again highlighted the top quality of Namibia's cattle production.

Gobabis is yet again the livestock branch with the highest offer of 2035 weaners at its weaner auction. The highest price of N$14.18 per kilogram was paid at the Otjiwarongo auction. The bulk of the weaners was bought for feedlots in the RSA.

In addition to numerous regional prizes for the various sub-categories, the overall winner of the weaner auctions will receive a cash prize of N$5 000 from Standard Bank as well as 20 x 50kg bags of Beesmix from Voermeester.



## SWAKARA WITNESS DECLINE IN PRICES FOR LOWER QUALITY PELTS AT SEPTEMBER AUCTION

A total of 100 % of the 55 831 Swakara pelts on offer at the Copenhagen auction held on 30 August 2007 was sold at an average price of N$353.69. This is a decrease of 21.33% compared to the average price of N$449.59 which was achieved in April 2007. The decline in price can mainly be attributed to the curl types and lower quality types of pelts on offer. This tendency is also noticed amongst other types of fur, where buyers clearly distinguish between poor and good quality in terms of pricing. The warm winter in Europe and other fur-wearing countries also contributed towards fashion houses having higher stock levels and are thus less prepared to purchase now at expensive prices.

The highest price of N$667.74 was paid for a lot of 120 D Flat Selected by Lenz-Olaf Eisbein who purchased on behalf of his client Georgio Pelagio in Greece. The highest price achieved in April 2007 was N$1 250.62

The pre-auction inspection was well attended by 27 potential buyers of which 21 were successful in their bids. Most pelts were purchased by London-based agents, with Japan and Germany being second and third respectively. A Japanese buyer purchased the largest amount of pelt for a single company in Japan.

Wessel Visser, Manager of the Pelt Centre, said fashion houses were prepared to pay a premium for Swakara regardless of quality when worldwide stock levels were low. However, now that their immediate need has been met at the previous auctions and stock levels of this sought-after material have been met to some degree, buyers place emphasis on quality for which they will pay premium prices. It is evident that farmers should pay increased attention to producing high quality pelts to obtain top prices. Agra, in association with the Karakul Board co-ordinates various projects aimed at increasing the standard of Karakul production and the quality of products in the country. The next Swakara pelt auction is scheduled to take place in Copenhagen in April 2008.

# REDAKSIONEEL

Agra kan met trots terugkyk op die sukses van die afgelope speenkalfveilings ten spyte van laer pryse wat behaal is. Hierdie prysverlaging word toegeskryf aan die hoë mieliepryse in Suid-Afrika, heersende droogtetoestande in ons land asook die ooraanbod van speenkalwers.

Swakara het 'n 24 % daling in pryse beleef met die pelsveiling wat op 30 Augustus in Kopenhagen plaasgevind het. Die verlaging in pryse word toegeskryf aan die laer kwaliteit pelse en haarkrul tipes wat aangebied was op die veiling.

Die meeste van die land se skoue is agter die rug met net die Windhoek skou wat voor die deur is. Agra sal soos in die verlede weer op verskeie wyses by die skou betrokke wees. U word hartlik uitgenooi om die Agra stalletjie te besoek.

'n Stukkie geskiedenis is gemaak tydens die Brahman Nasionale Bulveiling waartydens die grootste Brahman bul nóg in die Agra/Standard Bank Ring opgeveil is. Die volledige artikel oor hierdie besonderse veiling volg elders in hierdie uitgawe van die Ring.

Lede is baie welkom om te reageer op artikels wat verskyn of selfs 'n bydrae vir 'n uitgawe te lewer. Stuur u bydraes en reaksie aan die Bemarkings-bestuurder van Agra, Birgit Hoffmann, by Privaatsak 12011, Windhoek of per e-pos aan **birgith@agra.com.na**

Groete tot 'n volgende uitgawe!

Alida Coertzen
Kommunikasiebeampte
Privaatsak 12011
Windhoek
Tel: 061-290 9234
E-pos: alidac@agra.com.na

# KENNISGEWING VAN DIE SEWE-EN-TWINTIGSTE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN LEDE VAN AGRA (KOÖPERATIEF) BEPERK

KENNIS geskied hiermee van die sewe-en-twintigste Algemene Jaarvergadering van Lede van AGRA (KOÖPERATIEF) BPK. wat gehou sal word op die plek en datum soos hieronder aangedui.

**PLEK:** SKW SAAL (OLYMPIA)
Sean McBride Straat, WINDHOEK

**DATUM:** 29 NOVEMBER 2007

**TYD:** 09:00 (Registrasie 08:30)

IN OPDRAG VAN DIE RAAD

L van Wyk
Sekretaris
Privaatsak 12011, WINDHOEK
20 September 2007

# NOTICE OF THE TWENTY SEWENTH ANNUAL GENERAL MEETING OF MEMBERS OF AGRA (CO-OPERATIVE) LIMITED

NOTICE is hereby given that the twenty seventh Annual General Meeting of members of AGRA (CO-OPERATIVE) LIMITED will be held at the place and date as mentioned below.

**VENUE:** SKW HALL (OLYMPIA)
Sean McBride Street , WINDHOEK

**DATE:** 29 NOVEMBER 2007

**TIME:** 09:00 (Registration 08:30)

BY ORDER OF THE BOARD

L van Wyk
Secretary
Private Bag 12011, WINDHOEK
20 September 2007

# BESTUUR SLIM - BESPAAR BRANDSTOF - BESPAAR GELD

'n Groot persentasie motoriste bestuur voertuie met masjiene wat swak ingestel is, wat beteken dat geld letterlik by die uitlaatpyp uitgeblaas word. Met die stygende olieprys gedurende die afgelope maande, is die prysverhoging van brandstof onafwendbaar. Verbruikbewuste bestuurstegnieke kan help om elke liter petrol te rek.

Maak die motor se vensters toe wanneer jy bestuur, want 'n oop venster skep weerstand wat brandstofverbruik met soveel as 20% verhoog. Vir iemand wat N$100 per week aan brandstof verbruik, kan 'n besparing van 20% beteken dat N$20 per week bespaar word, wat uitloop op N$80 per maand. Dit is fondse wat weer op ander gebiede van u boerdery gebruik kan word.

Gebruik multigraad olie in jou masjien want dit verminder weerstand. Kyk dat jou motor ook gereeld nagesien word. Gebruik 'n ritboek om jou brandstofaankope en kilometers afgelê aan te teken sodat jy nuwe ekonomiese doelwitte kan stel en die skielike verskille in die werking van jou voertuig weens meganiese foute kan opspoor.

Skakel oor na straallaagbande omdat hulle minder rolweerstand en 'n langer lewensduur as die kruisstraal soort bied. Moet nie met bande ry wat te sag gepomp is nie, omdat banddruk wat te laag is nie net verbruik verhoog nie, maar ook die lewensduur van die bande aansienlik verlaag.

Probeer om stadig te versnel en nie aanhoudend te stop en weg te trek nie. Moenie jaag nie; hoe vinniger jy ry, hoe meer brandstof word verbruik.

# LANDBOU SEKTOR SÊ TOTSIENS AAN PERMANENTE SEKRETARIS

Die Permanente Sekretaris van die Ministerie van Landbou, Mnr Khujore Kahuure, is oorgeplaas na die Ministerie van Gesondheid en Welsyn nadat skommelinge van portefeuljes in die verskillende ministeries plaasgevind het. As blyk van waardering vir die bydrae wat Mnr Kahuure gelewer het tot die landbou sektor, is 'n boerbok ram as geskenk aan hom oorhandig.



***(v.l.n.r): Eddie Reed, Agra Afslaer van Stoetveedienste, Paul Strydom, Algemene Bestuurder van die Vleisraad van Namibië en Khujore Kahuure, Permanente Sekretaris wat oorgeplaas is na die Ministerie van Gesondheid en Welsyn.***

# GERT VAN WYK PASSES BOERBOK COURSE EXAM

Gert van Wyk, who has recently been promoted to Livestock Regional Manager of the South, has passed a Boerbok course examination and is now a qualified Boerbok selector and an aspirant judge. At Agra, we support our staff in their efforts to upgrade their qualifications, especially if these have practical relevance to their day-to-day working life.



# BRAHMAN BULL "FIRES" SOLD FOR N$80 000 AT NATIONAL AUCTION

The Agra/Standard Bank Ring set the scene for an outstanding auction when N$80 000 was paid for a Brahman bull at the National Brahman Auction that took place on Tuesday, 21 August 2007. Andre Compion of Windhoek paid the highest price for a Brahman bull at the Agra auction. According to Kiep Lepen, Agra's Manager of Stud Services, the breed is of exceptionally high quality and all the bulls that went under the hammer, were of great genetic material.



***(f.l.t.r) Eddie Reed, Agra Auctioneer with Andre Compion, proud new owner of "Fires" and Cobus van der Merwe, the seller and stud breeder of the St Blaize Brahmans***

The bull, by name Fires, came from the St Blaize Brahman Stud of Cobus van der Merwe of Gobabis. The St Blaize Brahman Stud is known for its exceptional breeding qualities and is the product of a breeding policy that focuses on fertility, precocity, growth and adaptability.

St Blaize Brahman Stud was first established in 1972 when Cobus's father, Louis van der Merwe had the first Brahmans settled on their farm. Since 2002, Cobus van der Merwe has taken over the complete management of the Brahman Stud from his father, Louis.

20 Brahman bulls were sold at an average price of N$29 800

# AGRA HOSTS FIRST NATIONAL SIMMENTALER BULL AUCTION

The first National Simmentaler Bull Auction that was hosted by Agra on Thursday, 16 August at the Agra/Standard Bank Ring, can be considered to have been truly successful. The most expensive bull of the day belonged to Ulla van Biljon and was sold to Werner Kauert of Okahandja for N$45 000.

16 bulls were sold at an average price of N$ 26 437.50.

This is the first national elite Simmentaler bull auction to be held. According to Kiep Lepen, Manager of Agra Stud Services, this auction can be regarded as extremely successful. Exceptional quality bulls were on offer, and stud-farmers as well as commercial farmers were awarded the opportunity to purchase these superior animals at this first elite Simmentaler bull auction that was hosted by Agra.

The next national Simmentaler bull auction has been scheduled for 28 August 2008.



***This bull was sold for N$45 000 at the first National Simmentaler Bull Auction held by Agra at the Agra/Standard Bank Ring***

# MC HUMAN (snr) BEHAAL DUURSTE PRYS OP EASTERN GENETICS BULVEILING

'n Santa Gertrudis bul van stoetteler MC Human (snr) het die hoogste prys behaal tydens vanjaar se Eastern Genetics Bulveiling wat deur Agra aangebied was en plaasgevind het op 7 September by Gobabis. Die nuwe eienaar, Boetie Jooste van Gobabis het N$41 000 betaal vir hierdie besonderse bul.



***(v.l.n.r) Boetie Jooste, trotse nuwe eienaar van die Santa Gertrudis bul, Eddie Reed, Agra Afslaer vir Stoetveedienste en MC Human (snr), die verkoper***

# KARAKUL CELEBRATES 100 YEARS

Karakul farmers in the South gathered at Keetmanshoop to celebrate the centenary of the karakul pelt industry in Namibia recently. To mark the occasion, a special monument was unveiled to mark 100 years of karakul farming. The statue depicts a Nama shepherd holding a newborn lamb and a full grown karakul ram, sculptured by Namibian artist Christine Salvoldi. At the same occasion, Keetmanshoop's "5th Street" was renamed "5th Karakul Avenue", to pay tribute to the contribution the industry has made to Namibia's economy.




# RECORD PRICES PAID AT CENTRAL SELECT AUCTION

During the Central Select Bull & Female Auction held by Agra at the Agra/Standard Bank Ring, new record prices were recorded for Simbra bulls.

A new Namibian and Southern African record were set when Falcon Conservation Trust of Thabazimbi in South Africa paid N$124 000 for a Simbra bull from the Kamab Simbra Stud of Diethelm Metzger of Windhoek. Namibian records were also set twice when two Simbra bulls also from the Kamab Simbra Stud of Diethelm Metzger were sold for N$80 000 and N$71 000 respectively.

According to Agra's Kiep Lepen, Manager Stud Services, the breed is of exceptional high quality, which was proven by the record prices obtained at the auction. A number of South African buyers were present at the auction and had the opportunity to buy bulls of a very high standard.



***(f.l.t.r): Hein Strydom of Falcon Conservation Trust in Thabazimbi, South Africa who paid N$124 000 for the Simbra Bull with Diethelm Metzger, seller and stud breeder, Eddie Reed, Agra Auctioneer and Kiep Lepen, Manager of Agra's Stud Services.***




# GOEIE PRYSE WORD BEHAAL OP AGRA SE STOETVEILINGS

**Noordelike Bul Veiling - Grootfontein: 01/08/07:**

2 Angus Bulle verkoop vir gemiddeld N$ 12 000.00
7 Brahman Bulle verkoop vir gemiddeld N$ 18 785.71
3 Limousin Bulle verkoop vir gemiddeld N$ 18 500.00
2 Simbra Bulle verkoop vir gemiddeld N$ 21 000.00
5 Simmentaler Bulle verkoop vir gemiddeld N$ 21 600.00

Duurste bul was 'n Simmentaler Bul van K Gunzel wat vir N$ 28 000.00 verkoop is aan Gustav Tjiuiju van Grootfontein.

**Hoecon Dorper & Wit Dorper Veiling - Plaas Uhlenhorst 07/08/07:**

5 Dorper Tipe 5 Ramme verkoop vir gemiddeld N$ 6 040.00 en 28 Tipe 5 ooie vir gemiddeld N$ 1 985.71

15 Dorper Stoetramme verkoop vir gemiddeld N$ 5 093.33 en 23 ooie vir gemiddeld N$ 1 278.26

26 Dorper Ramme verkoop vir gemiddeld N$ 3 357.69 en 15 ooie vir gemiddeld N$ 800.00.

Die duurste ram was 'n Tipe 5 ram wat vir N$ 7 000.00 verkoop is aan I J P Meyer (Jnr) van Stampriet.

**Gesamentlike Veldram Veiling - Agra/Standard Bank Ring, Windhoek - 10/08/07:**

6 Damara ramme verkoop vir gemiddeld N$ 2 041.67 en 25 ooie vir gemiddeld N$ 444.00.

11 Dorper ramme verkoop vir gemiddeld N$ 3 136.36.

22 Van Rooy ramme vir gemiddeld N$ 2 647.73 en 60 ooie vir gemiddeld N$ 518.33.

10 Boerbok ramme is verkoop vir gemiddeld N$ 3 500.00 en 39 ooie gemiddeld vir N$ 1 023.08.

Die duurste ram was 'n Boerbokram van Kobus van Wyk wat vir N$ 6 000.00 aan die Vleisraad van Namibië verkoop is.

**E von Schauroth Dorper Veiling - Plaas Neu-Noachabeb - 14/08/07:**

2 Dorper Tipe 5 ramme is verkoop vir gemiddeld N$ 5 600.00 en 3 ooie vir gemiddeld N$ 1 266.67.

2 Dorper Stoetramme is verkoop vir gemiddeld N$ 4 400.00 en 9 ooie vir gemiddeld N$ 822.22.

37 Dorper ramme is verkoop vir gemiddeld N$ 3 175.68 en 22 ooie vir gemiddeld N$ 672.73.

Die duurste Tipe 5 ram is verkoop vir N$ 6 200.00 aan Blanksdam Boerdery van Grunau.

**Noordelike Bonsmara Veiling - Otavi - 15/08/07:**

20 Bonsmara Bulle is verkoop vir gemiddeld N$ 17 300.00

Die duurste bul was 'n bul van Wagner Bonsmaras wat vir N$ 25 000.00 verkoop is aan Umfaan Wildplaas van Grootfontein.

**Dorper Streek Veiling - Aranos - 16/08/07:**

15 Dorper Stoetramme is verkoop vir gemiddeld N$ 6 146.67

55 Dorper Ramme is verkoop vir gemiddeld N$ 3 956.36

Die duurste ram was 'n ram van J B Kotze wat vir N$ 15 000.00 verkoop is aan J J J van der Berg van Aranos.

**Simmentaler Nasionale Veiling - Agra/Standard Bank Ring, Windhoek - 16/08/07:**

16 Simmentaler Bulle is verkoop vir gemiddeld N$ 26 437.50.

Die duurste bul was 'n bul van Ulla van Biljon wat vir N$ 45 000.00 verkoop is aan K W Kauert, Okahandja.

**Brahman Nasionale Veiling - Agra/Standard Bank Ring, Windhoek - 21/08/07:**

20 Brahman Bulle is verkoop vir gemiddeld N$ 29 800.00.

Die duurste bul was 'n bul van Cobus & Louis van der Merwe wat vir N$ 80 000.00 verkoop is aan A Compion van Okahandja.

**Emok Bonsmara Veiling - Plaas: Maitland - 24/08/07:**

4 Bonsmara Bulle verkoop vir gemiddeld N$ 16 500.00 en 16 verse vir gemiddeld N$ 4 550.00.

Die duurste bul is verkoop vir N$ 19 000.00 en is gekoop deur P N Malima van Windhoek.

**Namibia Genetics Veiling - Agra/Standard Bank Ring, Windhoek - 31/08/07:**

3 Angus Bulle is verkoop vir gemiddeld N$ 17 000.00.

7 Beefmaster Bulle verkoop vir gemiddeld N$ 17 857.14.

8 Brahman Bulle verkoop vir gemiddeld N$ 21 875.00.

3 Charolais Bulle verkoop vir gemiddeld N$ 17 333.33.

5 Limousin Bulle verkoop vir gemiddeld N$ 23 600.00.

3 Simbra Bulle verkoop vir gemiddeld N$ 20 000.00.

2 Simmentaler Bulle verkoop vir gemiddeld N$ 23 000.00.

14 Afrikaner verse is verkoop vir gemiddeld N$ 5 414.29, 16 Beefmaster verse vir gemiddeld N$ 4 887.50, 17 Simmentaler verse vir gemiddeld N$ 5 911.76. Beefmaster koeie met kalwers is gemiddeld verkoop vir N$ 6 200.00. 56 Kruisverse is verkoop vir gemiddeld N$ 4 855.36.

# GEMEENSKAP SKUD VERE REG VIR WINDHOEK SKOU

Die Windhoek Skou vir 2007 is vanjaar geskeduleer vir 28 September tot 06 Oktober en vertoners van lewende hawe van regoor die land is gerat om hulle diere by verskeie kampioenskappe van die lewende hawe rasse te vertoon.

Die gebruiklike sosiale funksie wat deur die Windhoek Skouvereniging in samewerking met Agra vir telers aangebied word, sal op 1 Oktober 2007 plaasvind.

Die Windhoek Skouveiling vir grootvee word op 5 Oktober 2007 om 10:00 deur Agra by die Agra/Standard Bank Ring aangebied. 'n Verskeidenheid van 55 geselekteerde bulle sal onder die hamer kom. Soos in die verlede sal Agra ook vanjaar as borg betrokke wees by dié toonaangewende geleentheid. Prysgeld is ook beskikbaar gestel vir die kompetisies waaraan vertoners in die grootvee en kleinvee afdelings kan deelneem.



*Agra se uitstalling tydens die 2006 Windhoek Skou. Lede word hartlik uitgenooi om die Agra stalletjie tydens die Windhoek Skou te besoek.*

Agra Windhoek tak gaan ook op vanjaar se skou weer hul normale uitstalruimte benut. Verskeie boerderybenodighede sal direk beskikbaar wees. Die Windhoek tak sal tydens die skou deur middel van gereelde aflewering van lusern aan al die boere se behoeftes kan voorsien. Graag versoek ons dus alle vertoners van lewende hawe om direk met die takbestuurder, Tobie Barlow, te skakel by 061-290 9312. Safari Den, Auas Vet Med en Auas Wholesalers gaan ook deel uitmaak van die Agra uitstalruimte met hul verskeie uitstallings. Verskaffers sal ook die geleentheid gegee word om uitsoekprodukte by die Agra stalletjie ten toon te stel.